netwerk24.com

# Huisgenoot se kortverhaal: Die huis met die rooi lig | Huisgenoot

Send to Kindle

---

Karlien stap weg van haar lewe saam met Braam. Dis die einde vir haar. Gelukkig het sy haar huis behou, daarop aangedring om wanneer die naweke verby was, terug te keer na haar haar hart se rusplek.Dis die middel van die winter en amper donker. Sy móét wegkom, en sy skat sy kan binne 45 minute tuis wees as sy vinnig stap. Heeldag was daar ’n ongemaklike stramheid tussen hulle.

Slegs minute gelede het hulle van hul Sondagmiddagse wandeling teruggekeer. Sy selfoon het gepieng. Hy het vlugtig daarna geloer en skielik sy motorsleutels gegryp. “Gits! Amper vergeet ek van my kliënt met wie ek gou iets moet finaliseer voor môre. Kyk solank ’n video, dan kom maak ek vir ons pizzas . . . ”

Haar gedagtes is wrang: Dit sal ’n bitter drankie, ’n droë broodkorsie wees. Die dreigende skeiding het soos ’n mosterdgeel maan tot volheid gewaks. Dit hang die hele kamer vol. Sy moet uit!Sy gryp haar pofbaadjie en rugsak. Dis Juniemaand en die aande is koud. Sy prop haar kledingstukke en toiletware in die rugsak. Die huissleutels laat sy op die tafel, trek die deur toe en laat haarself by die kompleks se hek uit. Dis ’n hele ent huis toe.

Sy trek haar kappie oor haar hoë blonde poniestert en knoop dit onder haar ken vas. Terselfdertyd skakel sy haar selfoon af.Met elke tree eggo die vraag in haar: Wat het verkeerd geloop? Sy het dikwels gevoel asof sy op eiers loop, asof sy wou walgooi teen sy impulsiwiteit, maar meegesleur was deur sy oorheersende persoonlikheid. Sy wou wys dat sy gesofistikeerd is, nie net ’n Barbie-pop nie.

By die eerste kruising is dit reeds donker. Sy sal vir hom later ’n WhatsApp-boodskap stuur. Sy staan op die drumpel van ’n onbekende toekoms, en dit verg

ál haar moed om dit deur te voer. Die hoë tuinmure weerskante van die pad versteek die huise met hul vriendelike ligte. In die swart skaduwees van die Brasiliaanse peperbome moet sy versigtig voel waar sy oor die boomwortels trap wat die sypaadjie begin kraak. Die wind steek op en nie lank daarna nie begin ’n reënbui uitsak.

Haar pofbaadjie moet maar help droog hou. Die knoop wat die kappie in plek hou, breek egter af en die kappie bly afwaai. Toe die beskutting van die peperbome eindig en dit harder reën, begin die water in haar nek afdrup en onder haar kraag inloop. Sy het nie op die dreigende weer gelet toe sy Braam se huis verlaat het nie. Hulle was weereens besig om op ’n uitbarsting af te stuur en dit oor iets nietigs. Nou het sy regtig ’n probleem ontketen. As sy net veilig tuis kan kom! ’n Enkele flits en donderslag verlam haar van skok. Sy voel nou erg alleen, yskoud en is druipnat.

Skielik onthou sy haar ou vriendin van baie jare wat in hierdie einste ellelange straat woon. Hulle het ’n bietjie vervreemd van mekaar geraak. As sy net by haar kan wag totdat die ergste reën bedaar! Romi was lank uit die land, het teruggekeer met haar jong kind en minus haar man en in ’n huurhuis ingetrek. “Ons moet mekaar opsoek,” het sy ses maande gelede vir Karlien oor die foon genooi. Hulle het telefoonnommers uitgeruil en die lewe het vir elkeen voortgesnel.

Karlien onthou die nommer 56 en dat sy vir ’n huis met ’n rooi lig in die voorste venster moet uitkyk. Sy loer rond en sien dat sy by no. 48 is, dus amper daar. Wat as Braam na haar huis kom en amok by die hek maak? dink sy terwyl paniek in haar opbou. Die rugsak hang nat en swaar aan haar skouers. Sy tuur deur die reën na die huisnommers.Uiteindelik! By ’n smal voetgangershek tusssen hoë heinings druk sy haar gesig teen die koue traliewerk. Sy sien eers niks, dan is daar genadiglik ’n rooi skynsel tussen ’n klimop se takke sigbaar.

Sy druk die klokkie. Uiteindelik antwoord ’n stem oor die interkom.“Ja?”

“Dis ek, Romi, jou ou vriendin, Karlien!”

Romi klink uit die veld geslaan toe sy antwoord. “Het ons ’n afspraak gemaak? My kind slaap reeds . . .” eindig sy lamlendig.

Karlien se hart sak. Iets is verkeerd. “Jammer, maar dit reën vreeslik en ek is per voet. Kan ek ’n paar minute by jou wag?” Sy voel onwelkom.

“Oukei . . . ” kom Romi se stem traag. Die hek kliek oop. Karlien draf die tuinpaadjie op en ontmoet ’n stroewe Romi by die deur. “Laat sommer jou nat skoene op die stoep,” sê sy. Daar’s geen blye herontmoeting nie.

“Jammer om jou te verontrief.” mompel Karlien verleë. Dit lyk asof Romi deur ’n tonnel gesleep is. “Gee my jou nat baadjie.”

Hulle betree die voorkamer waar die lig van die Chinese lantern ’n vrolike warmte uitstraal. In skrille kontras daarmee staan Braam koud en ongemaklik langs die kaggel. Karlien snak na haar asem en staar begriploos na hom. “Wat van jou ontmoeting met jou kliënt?” stotter sy skaapagtig. “Ek’t nie besef julle twee ken mekaar nie.”

“Ek kan verduidelik,” sê hy toe in die swaar stilte.

Die stekels van Karlien se intuïsie staan soos hooivurktande uit. Sy snap dadelik dat Romi baie meer as bloot ’n kliënt vir hom is. Was sy dan so naïef? Die SUV buite . . . dis natuurlik syne! Sy het ’n uur gelede nog daarin gery! En dis ironies dat hy nog nie eers besef dat sy hom reeds verlaat het nie. Watter wolhaarstorie het hy vir Romi vertel?

“Hoe’t jy hier gekom?” vra hy stug.

“Gestap natuurlik!” snou sy met ’n woede wat haar keel verstrengel. “En nou stap ek verder!”

Romi probeer halfhartig keer. “Neem ten minstens my reënbaadjie,” bied sy aan.

Karlien wil dit trots van die hand wys, besef toe dat dit sal regtig dom wees en aanvaar dit vies.

“Ek het regtig nie geweet nie,” pleit Romi pateties.

“Laat ek jou huis toe neem,” bied Braam stram aan.

Karlien se blou oë blits. “Nee, dankie!”Sy ruk die deur oop en druk haar voete in haar nat skoene. “Laat my uit!” blaf sy vir Romi.

Daarmee is sy uit in die reën en op die laaste skof van haar eensame nagwandeling. Sy weet nie of dit reën of trane of ’n mengsel van die twee op haar wange is nie. Dit traak haar nie as sy ’n longinfeksie opdoen nie. Binne ’n halfuur het sy ’n verhouding én ’n vriendin verloor.

Die ergste is hoe haar vertroue in mense nou geskaad is. Dit koggel haar met elke smak van haar voete in haar sopnat skoene. Dis ’n hol, seer gevoel. Was sy nie goed genoeg nie? Menige kere wou sy tou opgooi, net om weer jammer te voel wanneer sy verskonings haar oorweldig.

Uiteindelik tuis onder haar stoepie se afdak skop sy haar deurdrenkte skoene uit en peul haar nat sokkies af. Toe sy uiteindelik onder haar snoesige duvet lê, spoel verligting in golwe oor haar. Skielik lui haar foon deurdringend. Dis Romi. Gaan spring in a dam, Romi! Wil jy nou mooi broodjies bak? Net toe sy die foon wil dooddruk, besluit sy om die situasie te konfronteer. “Ja?” antwoord sy bot.

“Kan ons praat?” vra Romi.“Ek luister.”

“Dis goed dat jy opgedaag het,” sê Romi. “Ek kon nie tot hom deurdring nie. Hy was verskeurd en nou besef hy dat hy jou tóg wil hê.”

“Maar ek wil hóm nie hê nie!” gil Karlien.

Romi se storie borrel uit. Sy en haar jong kind is in Dubai, waar haar eksman ’n goeie pos beklee het, haweloos gelaat. Dit was toe hy uitgevind het dat hy nie

die pa van hulle seun is nie. Karlien sit kietsorent onder haar duvet. Wat het die sagsinnige Romi aangevang?

"Wie . . .?" vra Karlien niksvermoedend.

"Braam."

Karlien sak verpletter terug teen haar kussings. Dit was net voordat Romi en haar man deur sy firma na Dubai gestuur is. Dit was tóé reeds 'n moeilike huwelik. Toe haar en Braam se paaie toevallig kruis, was sy gladde tong die paspoort na impulsiwiteit waarvan sy later nie rekenskap kon gee nie. Sy en haar man is na Dubai en sy moes haar donker geheim alleen dra.

Romi vertel van haar eie twyfel ná die oudste seun se geboorte, van hoe 'n diskrete DNS-toets bewys het dat die seun nie haar man se kind was nie. Dus het die geheim verdiep.Op 'n dag het haar man dringend vir iets gesoek en in sy haastige pogings laaie omgekeer en die verdoemende mediese uitslag gevind. Oornag was die huwelik daarmee heen. Hy het summier die seuntjie verwerp – 'n dolk deur haar hart.

Toe sy en haar kind terugkeer, moes sy haar lewe van voor af opbou. Sy het vir Braam op Facebook opgespoor, slegs om vir hom te laat weet dat hy die seuntjie se pa is. Sy het gehoop dat hy ten minste verantwoordelikheid sou aanvaar. Hy het nooit vir Karlien by naam genoem nie. Hoe kon sy, Romi, weet dis haar ou vriendin?

"Wat sê Braam?" vra Karlien toonloos.

"Hy wil sy kind hê," sê Romi. "Verstaan goed, ek wil hom nie afrokkel nie. Ek soek net 'n pa vir my kind. Maar wat van jou, Karlien?"

Wat 'n gemors! Karlien wil iets snydends sê, maar bedink haarself. Dis dan die bitter kelk, die droë broodkorsie. Net so goed haar intuïsie het haar gewaarsku om pad te gee. Nou wag daar 'n langer staptog deur die lewe totdat sy weer heel

is. Daarna kan sy miskien tone in die water steek en ten minste Romi se kind leer ken.

“Nag, Romi. Laat my nou eers slaap,” groet sy vermoeid.

Sy krul op soos ’n krimpvarkie. Op hierdie oomblik is sy nie seker of sy weer die rooi lanternlig langs die pad sal vind nie, want dis ’n roete sonder padwysers.

- **Wil jy jou kortverhaal vir Huisgenoot stuur? KLIEK HIER vir meer inligting.**

---

https://www.netwerk24.com/huisgenoot/vermaak/kortverhale/huisgenoot-se-kortverhaal-die-huis-met-die-rooi-lig-20230404